

Gee God Om Dat Ek Seerkry?

Ons leef in 'n wêreld waar verskriklike dinge met mense gebeur wat dit nie verdien nie. Orkaan Katrina slaan toe naby New Orleans, V.S.A., veroorsaak oorstromings – en duisende sterf; honderde duisende is sonder skuiling of drinkwater. Huise en besittings word weggevee. Of lyding kan meer “allegaagse” vorms aanneem – 'n skielike siekte, 'n ongeluk, egskeiding, die dood van 'n egmaat of 'n kind. Wat ookal die rede, ons roep instinktief uit wanneer ons seerkry. Ons wil weet, Waarom? Waarom ek? Weet God – of gee Hy om – wanneer ek seerkry?

Selfs Jesus het 'n soortgelyke vraag gehad toe Hy hier op aarde was. “My God, my God,” het Hy uitgeroep toe Hy aan die kruis gehang het, “waarom het U my verlaat?” (Markus 15:34). Hy het gewonder of Sy Vader geweet het – en omgee het – dat Hy so oneindig seergekry het. Die Bybel beskryf Jesus as “'n man van smarte, en bekend met krankheid” (Jesaja 53:3).

God is naby – selfs wanneer u seerkry

U mag dit nie maklik vind om op hierdie oomblik te glo wanneer die seerkry so pynlik is nie, maar God weet alles daarvan. En Hy gee om. Hy is

baie naby, selfs wanneer dit lyk asof Hy baie ver is. Ons weet dit is waar omdat Jesus belof het, “Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld.” (Mattheus 28:20). God is by u wanneer u seerkry. Hy sê, “As jy deur die water gaan, is Ek by jou; en deur die riviere – hulle sal jou nie oorstroom nie” (Jesaja 43:2). God is daar in ons ergste beproewings en seerkry.

Indien dit egter waar is, waarom doen Hy nie iets daaraan nie? Waarom laat Hy die seerkry nie weggaan nie?

Eerstens van alles, hoe weet u dat Hy nie besig is om iets daaraan te doen nie? Hoe weet u nie dat u situasie erger sou gewees het as wat dit is nie – as dit nie was vir God se ingryping nie? Ons leef in 'n wêreld waar goddeloosheid 'n werklikheid is. Die Bybel sê dat hierdie goddeloosheid die direkte gevolg is van Satan, wie in 'n lewe-of-dood stryd teen God is. Maar 'n woordprentjie in die Bybel wys vir ons dat God hierdie goddeloosheid beperk – dit terughou daarvan om die ergste te doen. Die boek van Openbaring skilder vier engele wat die vier winde van die aarde terughou, en 'n engel van die hemel spoor hulle aan, “Moenie die aarde of die see of die bome beskadig nie.” Die boodskap is dat God ons beskerm teen die ergste oorsake van Satan se begeerte om ons leed aan te doen.

God se Dilemma

Tweedens, God het 'n probleem. U sien, ons leef in 'n wêreld waarin goddeloosheid 'n verskriklike werklikheid is. Satan is vasgevang in 'n groot stryd teen God en die goeie. Hy probeer om ons en enigiets wat geluk veroorsaak, te vernietig. God is sterker as Satan, en Hy sal uiteindelik hierdie stryd wen. Sonde en goddeloosheid en lyding sal heeltemal van hierdie aarde en van die heelal uitgeroei word – eendag. Maar in die tussentyd het Satan die krag om pyn en seerkry en dood te veroorsaak.

God se probleem is: Hoe om Satan op so 'n manier te oorwin dat ek en u die vermoë sal hê om vryelik kante te kies? U sien, ons vryheid om te kies – óf goed óf sleg – is 'n fundamentele vryheid wat God ten alle koste moet bewaar. Indien ons nie kies om aan God se kant te wees nie omdat ons daardie keuse vryelik wil maak, dan het Satan gewen. Hy het God in die begin daarvan beskuldig dat Hy diktatoriaal en arbitrêr is in Sy vereiste vir gehoorsaamheid. Hy het homself as die alternatief tot God daargestel.

God se reaksie op Satan se uitdaging was om Sy absolute onselfsugtigheid te bewys deur Sy eie Seun na die aarde te stuur om soos een van ons te leef en op die kruis vir ons te sterf.

Waarom ek?

Dit is natuurlik om te vra, “Waarom ek?” wanneer pyn en moeilikhede in u lewe inkom. Dit lyk dikwels so onregverdig. Waarom lyk dit asof sommige mense nie pyn ly nie, terwyl verskriklike dinge met andere gebeur? In dieselfde ongeluk sal sommige ongedeerd wegstap, terwyl andere hulle lewens verloor. Waarom? Waarom wil dit voorkom asof God 'n wonderwerk vir sommige doen – maar nie vir andere nie?

Algehele bevredigende antwoorde op sulke vrae bestaan nie. Ons moet egter onthou dat aan die einde, die krag van wonderwerke – en die redes daarvoor – in God se hande bly, en God se hande alleen. Hy sien die groot prent, en Hy sal alle dinge regmaak. Een Bybelskrywer sê, “want God is in die hemel, en jy op die aarde. Daarom moet jou woorde min wees.” (Prediker 5:1).

Wanneer ons voor sulke omstandighede te staan kom, moet ons vertrou dat God die antwoorde ken, selfs al ken ons dit nie, en dat ons nie sal weet nie, totdat ons Hom van aangesig tot aangesig in die hemel kan vra. Ons sal dit slegs kan glo wanneer al die sake van die lewe op hierdie aarde afgehandel sal wees – wanneer ons terugkyk na hierdie aarde van die hemelse strande – dan sal ons tevrede wees dat “die lyding van die teenswoordige tyd nie opweeg teen die heerlikheid wat aan ons geopenbaar sal word nie” (Romeine 8:18).

Nou moet ek en u tussen God en Satan kies. En ten einde Satan se beskuldiging die hoof te bied dat God ons deur Sy bonatuurlike krag dwing om Hom te volg, moet God seker maak dat die keuse wat ons maak ons eie is – dat dit eerlik en vryelik gekies is. Dit is waarom ons vryheid om te kies so belangrik is vir God. Dit is egter ook die oorsprong van God se probleem, want indien ons vryelik kan kies, dan kan ons goddeloosheid kies; ons kan kies om verskriklike dinge aan mekaar te doen.

Die misbruik van vryheid

Dit behoort ons dan nie te verbaas dat sommige mense kies om kwaad te doen nie. Dat pyn en lyding volg nie. Wanneer 'n jong moeder van kanker sterf, wanneer 'n huwelik verbrokkel, wanneer 'n motorongeluk 'n kind laat sterf – wanneer u vir watter rede ookal, seerkry – sê dit dat Satan nog steeds teen God stry en dat Satan soms die stryd wen.

Die Bybel verseker ons egter dat God teen die einde die oorlog sal wen. Die boek van Openbaring beskryf dit in 'n woordprentjie van Jesus wat op 'n wit perd ry en die hemelse leërmag aanvoer. Biljoene en biljoene heilige engele volg Hom. Sy geduld met Satan se goddeloosheid het tot 'n einde gekom.

Die stryd is kort. Satan en al sy goddelose volgelinge word gevange geneem. Die vernietiging van goddeloosheid sal voltooi wees wanneer Satan vernietig word. Dit sal die einde van haat, geweld, terrorisme, menseslagting, en doodslag wees. Dit sal die einde wees van al die slegte, hartseer dinge, groot en klein, wat Satan ons laat ly het.

Geen pyn meer nie

Die Bybel belowe dat pyn nooit weer sal opkom nie (vergelyk Nahum 1:9). Dit sê dat God alles nuut sal maak – insluitende ons: “En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geweene moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan.” (Openbaring 21:4).

Gee God om dat u seerkry? Inderdaad gee Hy om. Gaan Hy iets daaraan doen? Inderdaad gaan Hy – beide vir die groot prent en vir u persoonlik. Hy beloof, “Ek sal jou nooit begewe en jou nooit verlaat nie.” (Hebreeërs 13:5).

Oor Hierdie Sakgrootte Tekens

Ons hoop dat u dit geniet het om hierdie Sakgrootte Tekens artikel te lees.

Indien u belangstel om soortgelyke materiaal oor onderwerpe soos verlossing, profesie, bybelse leerstellings, en Christelike lewenstyl te ontvang, of meer oor die Bybel te leer, kontak:

Persoonlike Bediening
Posbus 75700
Bedford Gardens
2047

of skakel ons by
(011) 616-6800

TEKENS

VAN DIE TYE

**Gee God Om
Dat Ek
Seerkry?**

Sakgrootte Tekens